OPENBARING (1)
Sondag 15 April 2007
Ds Freddie Schoeman

Die eerste drie verse van Openbaring 1 is dit titelbladsy van die boek. Dit vertel waar die inhoud van die boek vandaan kom en wie die eintlike outeur van die boek is. Hoewel Johannes alles gesien het en neergeskryf het, kom die openbaring van God self af. Hy het dit aan sy Seun Jesus Christus gegee en Jesus het dit weer op sy beurt aan 'n engel gegee om dit aan Johannes te gee. Johannes is die getuie van die openbaring.

Dan 'n baie belangrik opmerking wat baie mense mislees: Geseënd … (lees, hoor, ter harte neem) "…want die eindtyd is naby."

Doel van die boek … geseënd te wees. Nie bang nie, nie vreesagtig nie, nie angstig nie. Openbaring is geskryf om sy lesers / hoorders te seën. (Seën = God se diep troos en bemoediging.)

Twee *tydsaanduidings* wat belangrik is.

- *… die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, …*
- *… want die eindtyd is naby*

Hiermee is ons onmiddellik binne in die gedagte- leefwêreld van die Mediterreense mens (d.w.s. mense wat rondom die Middellandse See gewoon het.) Ons moet nie dink dat 'n moderne westerling hier aan die skryf is nie. Die skrywer, sowel as die lesers het in wat vandag Turkye is gewoon en geleef en was deel van die Middellandse See kultuur wat weer baie sterk deur die Griekse (of: Hellenistiese) kultuur beïnvloed is. Ons moet hierdie gegewe in ag neem as ons enigsins hoop om Openbaring te verstaan.

Ons moet onder ander die volgende verstaan:

- Hulle konsepsie van tyd (of: hoe hulle aan hulle lewe probeer sin gee het, veral wanneer dit moeilik gegaan het.
- Hulle siening van die aarde en die kosmos (heelal).
- Hulle godsdienstige beskouings (onthou: nie noodwendig die van die Jesus-volgelinge nie, maar dié van die Mediterreense mens oor die algemeen).

TYD

Die belangrikste aspek wat ons as westerlinge moeilik verstaan, is dat die MM (Mediterreense mens) nie belang gestel het in die toekoms nie. Hulle het totaal in die hede geleef en as die hede

begin moeilik en onverstaanbaar raak het, het hulle na die verlede gegryp om sin te gee aan die hede; *nie* die toekoms nie. Die enigste soort toekoms waarin hulle belang gestel het, was die *onmiddellike* toekoms: die baba wat gebore gaan word, die volgende oes; d.w.s. iets wat nou reeds aan die gang was en wat gaan uitloop op iets in die onmiddellik toekoms. Die toekoms is dus iets wat gewortel is in die hede.

Die skrywer en die lesers van Openbaring het hierdie konsep van tyd gedeel. Dit sou dus sinloos wees om vir hulle iets te gee wat handel oor "eendag baie ver in die toekoms". Openbaring het dus absoluut niks te sê oor die verre toekoms – of wat bekend staan as die "einde van die tye" nie. Openbaring is dus nie 'n eskatologiese boek nie. Openbaring handel hoofsaaklik oor die verlede, en hoe die verlede die hede sinvol maak, en oor die onmiddellike toekoms – dit wat "binnekort" moet gebeur.

Die groot gebeurtenis waarrondom Openbaring wentel, is die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. Hoe moes hierdie gebeurtenis verstaan word? – is die vraag wat konstant in die agtergrond is en waarop die skrywer 'n antwoord aan sy lesers / hoorders wil gee. Beide die verwysings na "wat binnekort moet gebeur" en "die eindtyd is naby" het te doen met die verwoesting van Jerusalem. Die algemene verwagting was dat wanneer Jerusalem verwoes word, gaan die "eindtyd" aanbreek. (Meer hieroor later.)

Maar het Openbaring dan niks te sê vir vandag nie? Is die seën waarvan 1:3 praat dan net bedoel vir die eerste lesers / hoorders? Hoegenaamd nie; inteendeel, Openbaring het geweldig baie vir ons vandag te sê. Openbaring wil ons van die waarheid van Romeine 8 kom oortuig: Niks kan ons van die liefde van Christus skei nie.

DIE KOSMOS

Hoe het die MM hulle wêreld gesien? Watter prentjie het hulle van die heelal gehad? Watter plek het die aarde binne hierdie heelal ingeneem en waar het die son en die maan en die sterre in hierdie prentjie ingepas?

Die punt wat hier baie duidelik na vore moet kom is: dit was BAIE anders as wat ons prentjie van die heelal is. Daar is egter een punt van ooreenkoms: net soos ons, het die MM die aarde as rond (balvormig) beskou. Maar dis waar die ooreenkomste eindig. Die aarde draai nie rondom die son nie, maar dit hang stil in die middel van die heelal.

Rondom die aarde is die hemel, of liewer verskeie hemele. Die hemel is ook 'n sfeer – en daar is agt van hulle. Aan die binnekant van die eerste sfeer (of hemel) loop die son, tussen die eerste en die tweede sfeer loop die maan, aan die binnekant van derde – sewende sfere die destyds bekende planete en aan die binnekant van die agtste sfeer die sterre . Daar is dus sewe hemele. (Vgl 2 Kor 12:2)

Wat die aarde aanbetref: Die aarde was balvormig maar die mense het op die bo-kant van die sfeer geleef. Die bewoonbare gedeelte van die sfeer het gestrek van die Atlantiese oseaan in weste tot by die Indus rivier aan die westekant van die huidige Indië. (Dis die rivier waarlangs Aleksander die Grote gesit en huil het omdat daar nie nog lande was om te verower nie!) Hoe verder noord jy gegaan het hoe kouer het dit geword, hoe verder suid jy gegaan het, hoe warmer het dit geword (wat ons vandag ken as die Sahara-woestyn). Die hele bewoonbare aarde was hoofsaaklik in drie dele gedeel: Europe (noorde, weste), Asië (ooste), Afrika (suid).

GODSDIENS

Die godsdienstige toneel van die Mediterreense wêreld van die eerste eeu was gekenmerk deur 'n veelgodedom – onder andere die Griekse en die Romeinse panteon. Oral rondom die mense was gode en geeste en hemelwesens.

Binne hierdie konteks het veral die sterre 'n baie belangrike plek ingeneem. Van die manuskripte wat van die Romeinse tyd oorgebly het, was daar net soveel geskrifte oor die sterre as oor die geskiedenis.

Die rede daarvoor is dat die sterre vir die mense van destyds nie maar net hemelliggame was nie, maar lewende wesens – gode – wat deur hulle doen en late 'n invloed uitgeoefen het op die aarde. Die planete is nie net vernoem na gode nie, dit wás die gode. Dit wat op aarde gebeur het, het eers in die hemel gebeur. As iemand die sterre kon "lees", was hy/sy hoog in aanvraag. Daarom was daar uit die aard van die saak baie mense wat hulle toegelê het op die bestudering van die sterre, byvoorbeeld die wyse manne van die ooste wat Jesus kom besoek het. Hulle was "sterrekykers".

Konings wou weet oor die lotgevalle van nasies en wanneer dit 'n goeie tyd vir oorlogmaak sou wees, besigheidsmense wou weet oor gunstige omstandighede vir handeldryf, boere wou weet wanneer moet hulle saai, gewone mense wou weet wanneer is 'n goeie tyd om 'n huis te bou ens. Sterre was deel van die mense se daaglikse lewe. Dit was hulle televisie / nuus / weerspelling / koerante /

tydskrifte – hulle vernaamste bron van inligting oor die wêreld waarin hulle geleef het.

Dit is g'n wonder dat mense oor die algemeen behep was met sterre. Ons moet onthou dat die mense van destyds nie TV gehad het nie en dat die doen en late van die "sterre" hulle sepies was (Romeinse en Griekse mitologie!).

Verder was die lug nie leeg nie maar gevul met geeste wat nie gesien kan word nie. Daar was ook hemelwesens wat in Openbaring as engele beskryf word. 'n Beter woord sou dalk "hemelse diensknegte' wees. Winde was ook nie maar net 'n natuurverskynsel soos vir ons nie, dit was ook hemelse boodskappers wat tot beskikking was van die gode.

Die wêreld van destyds was niks minder as vreesaanjaend nie. Dit is g'n wonder dat die mense geweldig baie bygelowe gehad het nie. Enige iets net om die kwaad af te wees of om 'n bietjie geluk te bring. Die gode / geeste moes op een of ander manier tevrede gestel word.

Die basiese boodskap van Openbaring moes geweldig baie troos gebring het vir die mense van daardie tyd: God is in beheer! Die mense is nie uitgelewer aan die willekeur van die gode nie. Om die waarheid te sê, daar is nie ander gode nie. Alles is aan God onderworpe. Dit sal in die volgende weke telkens beklemtoon word.

Dit is die kern van die betekenis van die openbaring wat aan Johannes gegee is.

---ooo---000---ooo---

Vanaf vers 4 is Johannes self aan die woord. Openbaring begin soos 'n brief en dit eindig ook soos 'n brief – en die brief is gerig aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (vandag: Turkye).

Vers 4: Geeste = winde (vgl die rol van winde hierbo)

Vers 7-8: Een van die vrae waarmee gelowiges gesit het was: waar was Jesus nou (bedoelende: ná sy hemelvaart). Hierdie verse impliseer dat Hy iewers in die hemel is – maar ons weet nog nie presies waar nie – ons sal aanstons uitvind!

Maar Hy kom egter weer met wolke – net soos Hy met wolke weggeneem is. (Handelinge 1:9)

Vers 9: Iets van Johannes en sy lesers se situasie word hier weergegee. (Die verdrukking waarna hier verwys word, is die verdrukking waaroor Jesus sy dissipels waarsku in Markus 13:9 – *En julle moet … op julle hoede wees. Mense sal julle aan die geregshowe oorlewer; in die sinagoges sal julle geslaan word, en voor goewerneurs en konings sal julle oor My teregstaan.* Jesus was op daardie stadium saam met sy dissipels op die Olyfberg en hulle het Hom gevra wanneer Jerusalem verwoes gaan word. En dan vertel Jesus wat hulle alles te wagte kan wees in die aanloop tot die verwoesting van Jerusalem.)

Vers 10: Johannes was in 'n geestesvervoering – baie bekende verskynsel in sy tyd. In hierdie geestesvervoering was hy liggaamlik nog op aarde maar geestelik in die hemel. Dit was een van verskeie manier waarop God met mense gekommunikeer het volgens die opvattings van destyds.

"Dag van die Here" = Sondag. Sewe dae van die week het te doen met die sewe "planete" en die dus ook met sewe hemele. (Sondag, Maandag … Sater (Saturnus) dag)

Vers 12 – 16 : Sewe goue staanlampe (menorah) = planete

Sewe sterre wat Hy vashou = sewe sterre van die Ursa Minor sterkonstellasie. Een van die sterre van hierdie konstellasie is die Poolster. As 'n mens in die Noordelike Halfrond is en na die naghemel kyk, lyk dit asof die Poolster stilstaan en al die sterre rondom die Poolster draai.

Briewe aan sewe gemeentes:

Sentrale tema = waak teen misleiding. Kan dit in verband bring met Jesus se waarskuwing om te waak teen valse Messiasse (Markus 13) wat in die tyd voor die verwoesting van Jerusalem sou toeneem.

Inwoners word aangemoedig om lojaal te bly aan Jesus.